

## **Meatmaster Nuusbrief:**

Kan 'n mens hierdie jaar anders as om die nuusbrief te begin met 'n groot sug? Ek dink ieder en elk sal met my saamstem as ek sê: "WAT 'N JAAR!" Elke jaar het sy uitdagings, maar 2020 was net op 'n ongekende vlak! Uitdagings in die boerderysektor was ook volop – sprinkane, voortdurende droogtes en ongediertes, waartoe nog twee spesies bygevoeg kan word, naamlik vlakvarke en bosvarke wat nuwe areas toetree. En soveel meer wat ek nie eens wil noem nie. Die een ding wat alle boere egter in gemeen het, is hoop; en so gaan ons voort, kop omhoog en met geloof in God.

## **Kantoor:**

Die skuif van ons kantoor kon regtig nie beter beplan gewees het as wat hierdie jaar gebeur het nie. Wie sou kon raai dat hierdie jaar so onderstebo sou uitdraai? Maar die feit dat ons kantoor aan die begin van die jaar geskuif het, was vir ons ras 'n baie groot voordeel. Die slegte daarvan is dat Lizanne geen COVID-19-verlof gekry het nie, maar vir die Genootskap was dit ten goede dat daar geen vertraging in sy dag-tot-dag-take was nie. Die Raad het voortdurend met die kantoor gekommunikeer en kontak met mekaar behou via WhatsApp, en op hierdie manier is 'n raadsvergadering ook gehou. Van die Raad se kant af wil ons graag vir Lizanne van harte baie dankie sê vir 'n goeie jaar agter die rug. Daar was uitdagings, maar dit was 'n fees om saam met jou te werk. Aan my mederaadslede, ek wil vir u ook baie dankie sê dat u saam met my skouer aan die wiel gesit het om hierdie jaar 'n goeie jaar te kon maak vir die ras – een waarop elkeen van ons kan trots wees. Ons het nog baie werk wat voor ons lê om strukture te verbeter, maar baie dankie vir dit wat ons reeds kon vermag. Aan mnr. P.W. van Heerden wat as raadslid bedank het, baie dankie vir al u insette, nie net hierdie jaar nie, maar deur al die jare wat u as president aan die stuur van sake was. Ons wens u voorspoed toe in u nuwe beroep. Mnr. Van Heerden is steeds lid van die Genootskap en word gekoöpteer op sekere gebiede.

Neem asseblief kennis dat die kantoor gesluit sal wees vanaf 9 Desember 2020 tot en met 8 Januarie 2021. Lizanne sal steeds op haar selfoon beskikbaar wees vir dringende sake vanaf lede.

## **KEURERSAAMTREK:**



'n Keurdersaamtrek is in Klerksdorp by mnr. Edmin de Klerk gehou. 'n Keurdersaamtrek word as baie belangrik geag, aangesien dit 'n geleentheid is vir keurders of inspekteurs om net seker te maak dat hulle konsekwent is binne die ras deur al die provinsies. Dit kan baie vinnig gebeur dat die invloed van een of twee keurders in 'n sekere provinsie of streek die diere in daardie streek na 'n sekere tipe dryf. Daar was ook baie besprekings oor die ras, oor wat by veilings gebeur, hoe om sekere prosedures vlotter te laat verloop en so meer. En dit is met BAIE GROOT OPGEWONDENHEID dat ek vir u kan sê, die een besluit wat konsensus geniet het, was dat die rasstandaarde 100% korrek is. Geen verandering hoef aangebring te word nie; daar moet slegs by

die rasstandaarde gehou word en dit moet toegepas word op veilings en plaasinspeksies. Ons moet ook onthou dat ons in Afrika boer en dat ons diere tussen die Afrika- en Europese tipe diere moet wees. Daar sal streng gekyk word na diere wat meer Europees neig. Ons standaardbeginsel van "as ons val, val ons Afrika-tipe toe" bly die keurders se motto.

Ter afsluiting van hierdie gedeelte wil ek die volgende vir u noem: die samehorigheid en gesamentlike visie van die span keurders wat hier was, is iets wat ek hoop en bid behoue sal bly binne die ras. Iemand het na die tyd aan een van die ras se beskermhare genoem dat hierdie geleentheid vir hom 'n riem onder die hart was. Al word daar soveel tweedrag binne 'n gemeenskap ervaar, is daar hier, binne die groter bedryf, sulke eensgesindheid onder die ambassadeurs van die ras, wat vir hierdie persoon werklik die gevoel van 'n tuiste gegee het. Dames en here, sulke verhale is lekker om te hoor! Baie dankie aan die persoon dat hy sy storie gedeel het.

## **PLAAS- EN VEILINGKEURINGS:**

Ek wil graag van die Raad se kant af groot dank betuig aan al die keurders wat die afgelope jaar op plase en veilings gekeur het. Dit is 'n moeilike taak en sal altyd 'n moeilike een bly, maar dit is wel so 'n noodsaaklike een. Ons weet daar is van u wat duisende kilometers vër gery het en derduisende diere gekeur het hierdie jaar. Dit is kosbare ure wat u van u eie boerdery en gesin weg was. Baie dankie vir u bereidwilligheid om hierdie ondankbare taak te verrig, met soms boonop harde teenstand en kritiek.

Sou u 'n plaasinspeksie verlang, kontak asseblief vir Lizanne by die kantoor.

### **VEILINGS:**

Een van die kenmerke van die afgelope jaar was die uitsonderlike goeie pryse. Die Genootskap wil graag elkeen bedank wat hul veilingskommissie oorbetaal het aan die Genootskap. Ons het selfs nie-lede wat hul 1% kommissie oorbetaal het aan die Genootskap, met veilings wat nie onder beskerming van die Genootskap gehou is nie. Aan hulle sê ons baie, baie dankie. Met die huidige finansies van die Genootskap wat baie gesond is, het ons besluit om die kommissiefooie af te bring na 0.5% toe – net nog 'n manier waarop ons graag aan u wil dankie sê.

Let asseblief op die volgende veranderings aan reëlings vir veilings:

1. In die verlede moes ooie dragtig geskandeer word vir veilings. Die nuwe besluit is dat hulle nie dragtig geskandeer hoef te wees nie. Met die tipe skaap waarmee ons boer, voel die keurders hulle kan onvrugbare tipe ooie maklik genoeg identifiseer en uitgooi. Die ander rede is dat die Genootskap ook nie kan pa staan vir 'n ooi wat dragtig geskandeer is en dan aborteer of herabsorbeer nie. Selfs telers voel dat al is 'n dier ses weke dragtig, hulle eerder sal wil stipuleer dat sy by die ram was, eerder as om haar as dragtig te sertifiseer – vir hul eie en die koper se veiligheid.
2. Op veilings sal daar slegs volgens rasstandaarde gekeur word. Daar is nie 'n verskil in keuring tussen geregistreerde diere of kommersiële diere nie.
3. Die term "Onder beskerming van die Genootskap" val ook heeltemal weg, omdat die Genootskap nie regtig beskerming kan bied nie. Daar sal dan slegs gestipuleer word "Geïnspekteer deur die Genootskap".

Ons ledetal het baie goed gegroei deur die jaar en ons is dankbaar aan almal wat so hard werk om die ras te promoveer. Baie, baie dankie!

Ons huidige ledetal staan op 167, waarvan 65 by SA Stamboek geregistreer is.

NB: Daar is vier Genootskapsveilings deur die jaar waarheen enige persoon hul diere kan neem:

20 Maart te Fire en Wine – Pretoria

24 Junie by Upington-skougronde

12 Augustus te Bloemfontein – Nasionale veiling

Oktober – Loeriesfontein

Sou u belangstel om te verkoop op hierdie veilings, onthou asseblief om vir Lizanne te kontak.

**Al die veilingsdatums vir die jaar wat voorlê, verskyn op die laaste bladsy van die nuusbriëf.**

### **FINANSIES:**

Dit is lekker om in die posisie te wees om vir u te kan sê dat die Genootskap se finansies baie gesond is. Ons was die jaar in staat om voort te bou op ons spaarrekening vir 'n buffer in die moeilike tye, maar ook om die buffer te behou en terselfdertyd die inspekteurs te begin betaal vir hul vervoer na veilings, keurings en plaasinspeksies. Die algemene gevoel is dat geld in die bank goed is, maar ons wil die gelde wat u aan die Genootskap betaal, weer terugploeg in die bedryf en aan

u. Ons is besig om 'n bemerkingsbegroting op te stel vir 2021 en ook, soos voorheen genoem, die veilingskommissie af te bring van 1% na 0.5%.

### **JOERNAAL:**

Ons vra dat elkeen hul joernaalmateriaal sal begin bymekaarmaak sodat ons so vroeg as moontlik die joernaal kan uitbring. U kan u materiaal vanaf einde Januarie begin instuur sodat ons met die joernaal kan begin. Dit was standaardpraktyk dat die joernaal reg is teen Nampo (middel Mei), maar vir 2021 sal ons poog om dit nog vroeër uit te bring. Enige persoon wat graag 'n artikel wil plaas, is welkom om my of Lianne te kontak en met ons te gesels rakende u idee. Die koste sal in Januarie aan u deurgegee word. Kom ons vra dat almal ons sal help om 'n sterk fotobank op te bou wat ons deur die jaar kan gebruik vir die joernaal, webtuistes en ander bemerkingsmateriaal wat ons beplan om uit te bring.

### **ETIESE KODE:**

1. Die Genootskap bestaan uit telers met gemeenskaplike belange wat onderling afhanklik is van mekaar en wat verantwoordelikhede deel vir die welvaart van die ras, die Genootskap en medetelers, derhalwe is enige handeling wat die Genootskap, ras of medetelers tot nadeel strek, onetiese optrede.
2. Onetiese optrede kan onder andere die volgende insluit:
  - 2.1 Strydig met die letter en gees van die grondwet, verordeninge, maatreëls en ander vereistes wat van krag is optree:
  - 2.2 Lasterlike of skadelike uitlatings ten opsigte van die Genootskap, sy ampsdraers of medetelers maak
  - 2.3 Onbetroubare en/of vals inligting aangaande oerskap, prestasie, gesondheid en vrugbaarheid van diere verskaf;
  - 2.4 Ter wille van eie gewin, diere met verborge genetiese en/of ander defekte vir teeltdoeleindes verkoop:
  - 2.5 Die kwaadwillige en/of ongegronde dwarsboming van aksies wat op die vooruitgang en bevordering van die ras, Genootskap en mede-telers gemik is;
  - 2.6 Die doelbewuste en kwaadwillige weerhouding van inligting wat die ras tot voordeel en/of tot nadeel kan strek;
  - 2.7 Die doelbewuste toepassing van praktyke wat reeds as nadelig en nie bevordelik vir die ras beskou word.
  - 2.8 Enige handeling of optrede wat neerkom op die doelbewuste belemmering van die teeltvordering van medetelers
3. Die etiese kode impliseer verder dat 'n teler sy of haar kennis aangaande die ras, teling en bestuur na die beste van sy/haar vermoë sal verbreed en aanwend tot voordeel van die ras.

### **EENDRAG MAAK MAG:**

In 2012 het mnr. Danie Visser vir ons 'n etiese kode opgetrek. Die telers het gevoel dit is nodig om so dokument te hê om die spangees tussen mekaar sterk te hou en om al die keurders te herinner dat ons EEN span is. In punt 2.2 van die etiese kode staan daar dat 'n persoon hom of haar nie moet skuldig maak aan "lasterlike of skadelike uitlatings ten opsigte van die Genootskap, sy ampsdraers of medetelers nie". Ek wil tog 'n beroep doen op elkeen van u om hierna op te let. Die ras is besig om teen 'n geweldige tempo te groei en die aanvraag vir die ras raak baie groot in die

kommersiële bedryf. Maar laat ons nie nou die pot mis sit sodra dinge so goed begin gaan nie. Kom ons behou ons samehorigheid. As daar iemand is wat dwarstrek, kom ons trek hulle in en verduidelik dat daar plek is vir almal binne die Genootskap, en behou eensgesindheid.

Kom ons maak ons nie daaraan skuldig om persone van veilings af te rokkel deur ander persone sleg te maak nie. Deel u inligting van u diere of veiling met die persoon, maar laat die kliënt self besluit waar hy of sy wil koop. Die wyse Salomo sê vir ons in Spreuke 6 dat een van die sewe dinge wat vir YAHWEH verwerplik is, is om tweedrag te saai. Ek doen dus 'n baie groot beroep op u: sien ander rasse as kompetisie, en as iemand binne die ras goed doen, is ons almal saam met hulle verheug daaroor. Daar is meer as genoeg plek in die son vir almal.

## **KURSUSSE EN INLIGTINGSDAE:**

Hierdie jaar kon slegs een kursus gehou word by mnr. Nico Grobler by Ventersburg. Nadat vorige kursusse gekanselleer moes word weens die pandemie in die land, was die aanvraag vir hierdie een baie groot. Meer as 50 persone het belangstelling getoon om die dag by te woon. Nico en sy span het aan die vloei van die Beginner- of Juniorkursus geskaaf en verander en die terugvoering van die kursusgangers was uiters positief. Baie dankie aan Nico Grobler, W.F. Strydom, oom Klaas Grobler, dr. Hercu van Niekerk, P.W. van Heerden en Rachel Fouche. Judy Strydom, Marissa en tannie Sonia Grobler het die kos gemaak vir al die kursusgangers.



### **Daar is twee inligtingsdae gehou:**

’n Studentekursus is gehou by die CUT-plaas te Bloemfontein. 32 studente het die geleentheid bygewoon. Prof. Pieter Fourie en mnr. J.W. Morrison was aan die stuur van sake. Diere is by mnr. Andre Conradie geleen. Die Genootskap het boeke en materiaal verskaf vir die kursus en elkeen van hierdie studente sal ’n sertifikaat ontvang. Die praatjie is baie goed ontvang deur die studente en prof. Fourie het genoem dat daar baie entoesiasme onder die studente was.

Daar is ook ’n Meatmasterkursus vir die NWU aangebied oor twee dae. 82 studente het die eerste dag ’n lesing bygewoon by Gariëpdam se Forever Resort. Dag 2 is daar prakties gewerk en verduidelik met diere, waar mnre. Jean du Plessis en Clynton Collett die ras fenotopies aan die studente beskryf het, met die rede vir seleksie van sekere eienskappe. Die studente is die geleentheid gebied om vrae te vra en daar is intensiewe gesprekke gehou met van die studente, wat werklik ’n baie positiewe beeld uitgestraal het.

Ons wil graag aan al die betrokke partye baie dankie sê vir die opoffering om u tyd af te staan om ons toekomstige boere toe te spreek en op so ’n manier terug te ploeg in die landbou.

Daar word beoog om in 2021 meer kursusse te hou. Sou u beplan om so ’n kursus by te woon, vra ons dat u asseblief vir Lizanne sal kontak sodat ons u op hoogte kan hou van die reëlings. Op dié manier kan ons ook beplan waar die behoefte aan kursusse is.

NB: Indien daar van u is wat ’n Seniorskursus in die verlede gedoen het en u nie u sertifikaat ontvang het nie, kontak asseblief vir Lizanne by die kantoor sodat sy vir u een kan aanstuur.

## **AFSLUITING:**

Soos 2020 tot ’n einde kom, weet mens amper nie of jy moet uitsien na 2021 nie ... of dalk sê 2021 vir 2020: “Dis niks, check my!” Dit word tong in die kies gesê, maar ek dink wat duidelik is, is dat tye nou teen ’n baie vinnige tempo verander. Vir goed of vir sleg ... dit sal elkeen self moet bepaal. Die vers in Matteus 6:34 waar Jesus vir die skare sê “Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie” is werklik van toepassing in vandag se lewe. Jou bes beplande intensies vir die toekoms kan in ’n oogwink teen jou draai weens hierdie onsekere tye. Een ding bly egter vasstaan: ons geloof en ons vertrouwe in YAHWEH – ons Hemelse Vader. Met die feesseisoen wat naderkom en waar Christene die geboorte van hul Verlosser, Jesus die Messias, vier, is dit ook nodig. Kom ons maak tyd gedurende die feesseisoen en spandeer dit met die persone wat ons liefhet. As veeboere het ons nie regtig ’n “lockdown”-periode gehad nie. Ons almal het normaalweg gefunksioneer, net met baie meer stres. Kom ons “lockdown” ’n bietjie met ons families. Tyd met ’n geliefde is so onseker soos die vryheid daarbuite; ons weet nie of dit môre nog daar gaan wees nie. Onthou, dit is nie net hoe jy hulle gaan onthou nie, maar ook hoe hulle JOU gaan onthou!

Baie liefde en seënwense aan elkeen van u. Mag 2021 vir ons almal ’n meer geruste jaar vol vreugde wees. Mag God u lewe, gesin en boerdery seën tot eer van sy wonderlike Naam.

Meatmaster-groete

Mario du Preez

<b>Meatmasterveilinge 2021</b>		
<b>Datum</b>	<b>Veiling</b>	<b>Plek</b>
3 Desember 2020	Grasveld Meatmasters	Plaas Besterkraal, Kroonstad
30 Januarie 2021	Didymus Meatmasters	moet aansoek instuur
4 Februarie 2021	Transveld Meatmasterklub	Fire and Wine-veilinge
25 Februarie 2021	Collett Farming	La Rochelle, Venterstad
11 Maart 2021	Sterkfontein Meatmasters	Bloemfontein
18 Maart 2021	Noordwes Meatmasterveiling	Mahemsvlei, Klerksdorp
18 of 25 Maart 2021	Sutherland Karoo Meatmasters	Sutherland-skougronde
20 Maart 2021	Genootskapveiling	Fire and Wine-veilinge
14 April 2021	Grasveld Meatmasters	Plaas Besterkraal, Kroonstad
24 April 2021	B3 Genetics	Bela-Bela-veilinge
15 Mei 2021	Ochre Meatmasters	Pienaarsrivier, Bela-Bela
19 Mei 2021	Badeveen Trust	Plaas Damaskus, Delareyville
22 Mei 2021	GHM Compion Meatmasters	Twee Riviere-veilinge
22 Mei 2021	Opkomende boere	Castle de Wildt, Modimole
19 Junie 2021	Tommie Bissett	Twee Riviere-veilinge
5 Junie 2021	Dorrlaan-veiling	Parys
24 Junie 2021	Aangetekende veiling	Upington
31 Julie 2021	Transveld Meatmasterklub	Thabazimbi-skougronde
12 Augustus 2021	Nasionale veiling	Bloemfontein
22 September 2021	Sterkfontein Meatmasters	Bloemfontein
2 September 2021	Transveld Meatmasterklub	Fire and Wine-veilinge
8 of 15 Oktober 2020	Sutherland Karoo Meatmasters	Sutherland-skougronde
9 Oktober 2021	Best of Africa	Twee Riviere-veilinge
23 Oktober 2021	Anridel Meatmasters	Bloemfontein
8 Desember 2021	Grasveld Meatmasters	Plaas Besterkraal, Kroonstad